# 28 Februarie 2024 - Lesing 248 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Ek sal die verstand van die verstandiges verwerp **–** 28/12/61

**NO: 8069** Julle kan alleen die amp van leraar goed uitoefen, **as julle self die regte leerstof besit wat volgens die waarheid is**. En juis hierdie leerstof sou julle aan 'n ernstige ondersoek moet onderwerp, as julle julle medemens wil onderrig. Want slegs dit wat van My as suiwer waarheid uitgegaan het, kan tot seën wees.

Hierdie ondersoek word egter meestal nagelaat. Die mense neem dit wat hulle vertel word, as waarheid aan met 'n vanselfsprekendheid en sonder bedenkinge. **Hulle sorg ook nog vir die verspreiding daarvan**, sonder om die oorsprong vas te stel, sonder om self dieselfde vaste oortuiging toegedaan te wees, dat hulle die waarheid ontvang het.

Die amp van 'n leraar is egter 'n **verantwoordelike amp**, want die leraar kan groot seën besorg, maar ook vergiftigend op die menseharte inwerk, **aangesien slegs die waarheid die siel tot heil strek**, terwyl die dwaling 'n **ware vergiftiging** vir haar is.

En elkeen wat self wil onderrig, kan aan homself duidelikheid verskaf of hy die suiwer waarheid uitdra al dan nie, as hy maar van ernstige wil is om daarvoor in te staan en hy Myself om ondersteuning vra **- dat Ek sy denke sal verlig en hom nie laat dwaal nie.**

Hy sal My bystand verseker ondervind en Ek sal hom in die waarheid binnelei. Want Ek het julle die belofte gegee en dit sal vervul word, omdat **My Woord** waarheid is.

En in die waarheid moet julle wandel, omdat julle dan saam met My gaan, **terwyl dwaling julle steeds weer die begeleiding van My teenstander oplewer**, wat julle maar net skade wil berokken en daarom verhinder dat julle tot die lig van die waarheid kom. Daarom het elkeen wat onderrig, 'n **groot verantwoordelikheid, as hy, dit wat nie volgens die waarheid is nie, versprei**.

En julle mense dink om 'n waarheidsgetroue kennis vir julle deur **studie** te verwerf, julle glo om **verstandelik** tot geestelike kennis te kom en julle waardeer maar net die mense wat dus 'n **ryk verstandelike kennis opgeneem het** - en julle is bereid om hierdie kennis ook as waarheid te aanvaar.

**Ek sal egter die "verstand van die verstandiges" verwerp en die "wysheid van die wyses" tot niet maak**.

Begryp julle nou die sin van hierdie woorde? Nooit sal julle in die besit kom van die suiwer waarheid, as julle nie **na Myself kom** en van My die waarheid verlang nie. Want Ek het Myself voorbehou om julle in die waarheid in te lei, omdat alleen Ek weet wie in staat is om haar op te neem, wie die geestelike rypheid besit om ook die waarheid as sodanig te herken. En hierdie geestelike rypheid is weer afhanklik van die ernstige wil van die mens om - **binne My Wil te lewe**.

**Die verbinding met My in gees en in waarheid moet eers tot stand gebring word**, sodat die stroom van My Liefde kan binnevloei in die mens. **En hierdie Liefdestroom is die toevoer van My Woord van waarheid**, in die vorm van gedagtes of deur die hoorbaar oorgebringde Woord. Dan sal die mens egter vas en verseker in die waarheid wandel, sy denke sal korrek wees en hy sal nie hoef te vrees om 'n prooi te word van dwaling nie, want die innige verbinding met My en die verlange na die waarheid sal hom daarteen behoed.

**Maar waar is so 'n verlange te vinde onder hulle wat onderrig gee**, wat glo om die waarheid te besit en nog nie die geestelike verband begryp het nie, wat nie weet welke voorwaardes vervul moet word om die toevoer van My kant af van die waarheid waardig te word nie?

Op onverskillige wyse word geestelike lering **volgens tradisie** aangeneem en onderrig en weer neem die mense dit aan sonder om na te dink en beland so in 'n geestelike duisternis, - of hulle vind nie hulle weg uit die geestelike duisternis waarin hulle vertoef nie. **Want valse leringe kan geen lig bring nie**, slegs word die duisternis nog dieper en die siele bevind hulself in geestelike nood, omdat hulle lig nodig het om die korrekte weg te gaan wat omhoog voer.

En dit alles moet ook aan julle mense die dringendheid van **My openbaringe** duidelik maak, want die tyd is nog maar kort. En as die mense die korrekte weg wil vind en gaan, dan is lig nodig wat die weg vir hulle sal verlig.

Lig kan egter slegs van bo kom **en elkeen wat 'n leraarsamp uitoefen, moes homself eers met die Lig van Ewigheid in verbinding stel,** om self deur die Lig deurstraal te word en waarlik, as die waarheid by die mense veld sou gewen het, sou die geestelike nood nie so groot gewees het nie.

En wat van My kant af nog gedoen kan word, sal waarlik gebeur, want **slegs die waarheid** maak vry, **slegs die waarheid** bring die mense terug na My toe en **slegs deur die waarheid** kan julle mense weer salig word. Amein.